

Vrydag 11 Maart

Skrifgedeelte: Kolossense 2:16-23

Fokusgedeelte: Kolossense 2:17 (NAV)

Ons enigste troos: Ons verlossing deur Christus alléén

Die intimidasie van die wêreld was so geweldig op hierdie gelowiges in Kolosse. Hulle kom uit 'n agtergrond waar 31 Griekse gode elke deel van die lewe beheers het. Daarby kom die heidense Romeinse wêreldkultuur, en ook nog die Joodse dwaalleraars met hulle eise van wettisisme, asketisme, selfs mistiek.

Paulus waarsku egter: Christus is die enigste Verlosser. Sien u sy vyf beelde in verse 11-15 om die Kolossense-gelowiges teen die dwaalleraars te waarsku? In vers 17 sê hy hierdie bewerings van Joodse dwaalleraars was bloot skaduwees, beloftes dat die Messias, die Verlosser, sou kom. Maar Christus hét gekom. Hy het alles volbring. Waarom dan nog aan skaduwees vaskleef? Joodse dwaalleraars het naamlik gesê: Christus, ja, maar ook nog allerlei reëls en regulasies. Oor kos, drank, feeste, besnydenis ... Eers dán word jy verlos.

Paulus skryf, ook aan die Galasiërs en nog ander gemeentes: Laat niemand julle oor sulke uitwendige, menslike dinge oordeel nie. Die skaduwees is verby. Christus is die werklikheid!

Laat niemand jou dus vertel jy kom nog iets kort nie. 'n Spesiale openbaring, ervaring, die volle uitstorting van die Heilige Gees, sekere goeie werke ... In Christus het jy álles. Ons verlossing, volkome verlossing, is van Hom alleen.

Die Christendom is die enigste godsdienst wat suiwer oor genade gaan. Niemand dra by nie. Niks, geen "Christus plus nog iets anders" dra by nie. Hy is die werklikheid. Ons redding is van Hom alleen.

Sing: Psalm 101:1-6 / Skrifberyming 5-3:1-4

Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)